**Maandag 20 Maart**
**Skrifgedeelte: Jesaja 42:1-7; 49:1-7; 50:4-11; 52:13 – 53:12**
**Fokusgedeelte: Jesaja 42:1-7; 49:1-7; 50:4-11; 52:13 – 53:12**
**Die lydende dienaar-Koning**

*Ek sê vir julle: Die Skrifwoord wat sê: "en hy is as misdadiger beskou", moet aan My bewaarheid word, want wat op My betrekking het, gaan nou in vervulling.*

Met hierdie woorde vat Jesus ons terug na vandag se teksgedeeltes uit Jesaja, en wys Hy vir ons hoedat al hierdie tekste wat handel oor die dienaar/kneg van die Here, in Hom bewaarheid is. Daarom is dit ook nie vreemd dat hierdie teksgedeeltes by herhaling in die Nuwe Testament aangehaal word as daar na Hom verwys word nie. Maar wat leer dit ons oor ons Here?

In al hierdie teksgedeeltes word die dienaar van die Here as 'n individu aangedui. 'n Spesifieke persoon. Hy wat God al voor sy geboorte as sy dienaar uitgekies en afgesonder het om God se verbond met sy volk te wees, God se belofte van verlossing te bewaarheid. Aan hierdie roeping is Hy getrou en sy hele bediening word gekenmerk deur gehoorsaamheid aan God en bekendmaking van God se wil om ons te red.

Daarom sien ons dat Hy met besondere deernis God se wil tot uitvoering bring. 'n Geknakte riet sal hy nie breek nie. Blindes sien en gevangenes word bevry. Die wat moeg is, gee Hy nuwe krag. 'n Lig vir die wat in die donker loop.

Maar dit alles gaan gepaard met ongekende lyding. Lyding wat Hy met stil vertroue tegemoet stap, selfs met 'n gebed vir sy vervolgers. Hy word verag en verafsku. Daar word op hom gespoeg en gevloek. Hy betaal die hoogste prys in diens van God: *"... afgesny uit die land van die lewendes … 'n graf gekry by goddeloses … by sondaars in sy dood"* (53:8-10a), maar daarna hoor ons dat hy *"lank sal lewe"* (53:10b-11). Reeds in die Ou Testament sien ons die opstanding uit die dood van hierdie dienaar van die Here. God het sy skuldoffer aanvaar as 'n losprys vir baie.

Sy lyding dra groot vrug. Dit bring nie net redding en vergiffenis vir Israel nie, maar vir al die nasies. Lig vir al die mense; selfs die wat op die verste afgesonderde eilande woon, wag op Hom. Hoekom? Aan Hom behoort die mag en die heerlikheid.

God Self het Hom die ereplek gegee onder die grotes en magtiges. Hy is die Koning oor die konings van die aarde, ons Here. Die lydende dienaar-Koning.

*Sing: Psalm 2-1:1, 6*

*Ds. MJ Erasmus (Thys) (Nelspruit)*